## HOOFSTUK DERTIEN.

# DIE DUBBELE ONTKENNING.

Die sogenoemde dubbele ontkenning is 'n tiepiese verskynsel in Afrikaans. Gewoonlik kry ons 'n dubbele **nie,** soos in :—

Hy het **nie** gekom **nie.**
Moe**nie** so stout wees **nie.**

Maar hoewel dit noodsaaklik is dat die twede negatief (as daar een is) **nie** moet wees, kan die eerste ontkenningswoord enigiets wees wat 'n sterk negatiewe begrip uitdruk, soos: **nooit, nimmer, nêrens, niemand, niks, geen** :—

**Nooit** sal ek dit doen **nie.**
Ons kon hom **nêrens** vind **nie.**

**Opm.**—**Nimmer** word net in gedigte, die Bybel en in verhewe styl gebruik.

Die volgende reëls vir die gebruik van die dubbele negasie kan toegepas word.

## A. IN DIE ENKELVOUDIGE SIN.

(1) In sinne soos: ,,Ek kom **nie**'', waar **nie** alreeds aan die end van die sin staan, kry ons nie 'n twede **nie** nie.

(2) Maar as die woord wat aan die end van die sin staan **niks, niemand, nêrens** of **nooit** is, word **nie** gewoonlik nog bygevoeg :—

Jy weet nog **niks nie.**
Ek was **nêrens nie.**

In sulke gevalle kan **nie** weggelaat word, veral as niks, ens., met sterk nadruk gebruik word.

(3) In alle andere gevalle waar die eerste ontkenning (of dit ,,niks,'' ,,niemand,'' ens., is of ,,nie'') nie aan die end staan nie, moet ons die twede **nie** gebruik :—

Jan sal **nie** more kom **nie.**
Ek het **geen** mens gesien **nie.**
Hy is **nooit** vroeg genoeg om in tyd vir die klas te wees **nie.**

(4) **Moet + nie** word **moenie,** behalwe wanneer die ww. gevolg word deur 'n direkte voorwerp, wanneer ons **moenie** of **moet nie** kan gebruik :—

**Moenie** raas **nie.**
My seun, **moenie** so vreeslik vloek **nie.**
**Moenie** hom vloek **nie,** of
**Moet** hom **nie** vloek **nie.**

## B. IN DIE SAMEGESTELDE SIN.

In 'n samegest. sin met **neweskikkende sinsverband** kry ons dieselfde reëls as in enkelvoudige sinne :—

Ek gaan **nie** want ek is siek.
Ek gaan **nie** more **nie** want ek is siek.
Ek gaan want ek is **nie** siek **nie.**

In samegest. sinne met **onderskikkende sinsverband** (bysinne), moet ons baie goed onderskei tussen twee verskillende sinsoorte. In die verduideliking hieronder gebruik ons :—

**H** vir hoofsin, **B** vir bysin.

(1) **In die eerste soort** samegest. sin met ondersk. sinsverband, kan **H** gladnie sonder **B** staan nie, want **B** is noodsaaklik vir die voltooiing van die sin. Dis die geval as daar in **H** ww. voorkom soos **weet, dink, sê, meen, glo** wat deur **B** moet gevolg word voordat die sin voltooi is, soos in :—

| | |
|---|---|
| Hy sê | dat hy sal kom. |
| **H** | **B** |
| Ek weet | dat hy siek is. |

(2) **In die twede soort** sin kan **H** sonder **B** staan ; om sin te maak is dit nie absoluut noodsaaklik dat daar 'n **B** moet wees nie, soos in :—

| | |
|---|---|
| Ek sal gaan | omdat ek gesond is. |
| **H** | **B** |
| Hy het gekom | hoewel hy siek was. |

Dit is dus duidelik dat die hele onderskeid tussen dié twee soorte sinne in die verhouding tussen **H** en **B** lê. In soort een vorm **H** + **B** saam een geheel : sonder **B** het **H** geen betekenis nie ; in soort twee kan **H** alleen, d.w.s. sonder **B,** 'n geheel vorm. In soort een is die verhouding tussen **H** en **B** dus baie intiemer as in soort twee ; in soort een is **H** heeltemal onvoltooid sonder **B,** in soort twee nie.

As ons hierdie twee soorte negatief (ontkennend) maak, dan kry ons die volgende gevalle :—

**IN SOORT EEN** (**H** + **B** één onskeidbare geheel).

(a) As **H alleen** ontkennend is, kry ons **twee** ontkenninge : een in **H** en die twede (altyd **nie**) heeltemal aan die end van **H** + **B,** soos in :—

Hy het **nie** gesê dat hy sal kom **nie.**

(b) As **B alleen** ontkennend is, kry ons **twee** ontkenninge : een in **B** en een aan die end van **H** + **B,** soos in :—

Hy het gesê dat hy **nie** sal kom **nie.**

(c) As **beide H en B** ontkennend is, kry ons **drie** ontkenninge : een in **H,** een in **B,** en die derde (altyd **nie**) heeltemal aan die end van **H** + **B,** soos in :—

Hy het **nooit** gesê dat hy **nie** sal kom **nie.**

**Let op** dat die eerste ontkenning enige sterk negatief kan wees, maar die twede ontkenning in (a) en (b) en die derde in (c) is altyd **nie.**

Ons sien dus dat daar in soort een nooit 'n ontkenning aan die end van **H** is nie, en dat ons op die meeste (d.w.s. as beide **H** en **B** ontkennend is) **drie** ontkenninge kan kry soos in (c) hierbo.

**Opm.**—Dié reëls geld alleen wanneer **H** eerste staan.

**IN SOORT TWEE** (**H** + **B** nie so onskeidbaar verbonde nie).

(a) As **H alleen** ontkennend is, kry ons **twee** ontkenninge : een in **H** en die twede (altyd **nie**) aan die end van **H,** soos in :—

Hy het **nie** gekom **nie** omdat hy siek was.

(b) As **B alleen** ontkennend is, kry ons **twee** ontkenninge : een in **B** en die twede (altyd **nie**) aan die end van **B,** soos in :—

Hy het gekom omdat hy **nie** siek was **nie.**

(c) As **beide H** en **B** ontkennend is, kry ons **vier** ontkenninge : een in **H,** een (altyd **nie**) aan die end van **H,** een in **B** en die vierde (altyd **nie**) aan die end van **B,** soos in :—

Hy het **nooit** gekom **nie** hoewel hy **nie** siek was **nie.**

**Let op** dat in soort twee daar wel 'n ontkenning aan die end van **H** kan staan (as **H** ontkennend is), en dat ons op die meeste (d.w.s. as beide **H** en **B** ontkennend is) **vier** ontkenninge kan hê, soos in (c), waar ons in soort een maar net **drie** kon hê.

**Opm.**—Dié reëls geld of **H** eerste staan of nie.

## VERDERE AANTEKENINGE.

(1) 'n Ontkenning staan nooit tussen onderwerp en gesegde (of eerste deel van gesegde) nie. As ons die sinne: Jan kom, Jan het gekom, ontkennend wil maak, kan dit as volg geskied :—

**Jan kom** nie, of
Nie **Jan kom** nie.
**Jan het** nie **gekom** nie, of
Nie **Jan het gekom** nie.
Sinne soos: Jan nie kom nie, Jan nie het gekom nie, is heeltemal verkeerd.

(2) 'n Ontkenning kan nooit die werkwoorde aan die end van 'n bysin skei nie. Die twede ontkenning (wat altyd **nie** is) kan natuurlik volg op die ww., maar die eerste ontkenning mag nie tussen die ww. staan nie. 'n Sin soos :—

Hy sê dat hy **sal** nie **kom** nie,
moet ons verander tot :—
Hy sê dat hy nie **sal kom** nie, of
Hy sê dat nie hy **sal kom** nie.

(3) As **al ooit** ontkennend gemaak word, word dit **nog nooit nie** :—

Het jy al ooit 'n seereis onderneem? Nee, ek het nog nooit 'n seereis onderneem nie.

(4) As **òf . . . . òf** ontkennend gemaak word, word dit **nòg . . . . nòg** :—

Òf Jan òf Piet moes kom, maar nòg Jan nòg Piet het gekom.

(5) Let op die onderskeid tussen **nee** en **nie**.

Die reëls wat hierbo staan is nie onfeilbaar nie. Daar is natuurlik baie gevalle waar hierdie reëls nie sal kan toegepas word nie. Alleen deur baie te lees en noukeurig op te let kan ons leer om die dubbele ontkenning reg te gebruik.

'n Goeie beginsel is om altyd eers seker te maak wat ons eintlik ontkennend wil maak, want die posiesie van die eerste ontkenning kan verander: alles hang daarvan of op watter woord(e) ons die aandag wil vestig, soos blyk uit die volgende sinnetjies :—

(a) Jan het vandag **nie** gekom **nie.**
(b) Jan het **nie** vandag gekom **nie.**

(c) **Nie** Jan het vandag gekom nie, maar Piet.
(d) **Nie** Jan **nie,** maar Piet het vandag gekom.

In sin (a) lê ons nadruk op die feit dat Jan nie gekom het nie; in (b) op die feit dat hy nie **vandag** gekom het nie; in (c), en veral in (d), op die feit dat **nie Jan** gekom het nie.

* * * *

### Oefening 13a.

Tien woorde (uit hierdie hoofstuk) om in sinne te gebruik :— noodsaaklik, verhewe, begrip, verduideliking, voltooiing, verhouding, beginsel, nadruk, onfeilbaar, toepas.

### Oefening 13b.

Maak die volgende sinne ontkennend (b.v. Jan sal gaan—Jan sal nie gaan nie) :—

(1) Hy het vandag gekom.
(2) Kom dadelik hiernatoe.
(3) Jan werk.
(4) Jy mag gaan omdat jy vandag soet was.
(5) Hy het geweet dat ek moeg was.
(6) Iemand het die deur oopgemaak toe ek geklop het.
(7) Ons glo dat tweemaal twee vier is.
(8) Daar is êrens 'n fout in die som.
(9) Òf Jan òf Piet moet bly.
(10) As hy op kantoor is weet ons waar om hom te vind.

### Oefening 13c.

Antwoord die volgende vrae ontkennend (b.v. Het Jan gekom? Nee, Jan het nie gekom nie) :—

(1) Het Jan gister iets opgemerk?
(2) Het jy al ooit 'n seereis onderneem?
(3) Het jy hom gesê dat hy more moet kom?
(4) Het jy 'n bietjie geld?
(5) Kon jy sy boek êrens vind?
(6) Het hy gekom omdat jy hom geroep het?
(7) Weet jy waar Jan gister was?
(8) Kan 'n vader op so 'n seun trots wees?
(9) Het jy al ooit 'n groter gek gesien as wat hy is?
(10) Het Jan gesê wie jy moet roep en wanneer?

## Oefening 13d.

Toon duidelik aan wat die onderskeid is tussen die volgende sinne :—

(1) Jan sal more vroeg met die trein van Brits af kom.
(2) Nie Jan sal more vroeg met die trein van Brits af kom nie.
(3) Jan sal nie more vroeg met die trein van Brits af kom nie.
(4) Jan sal more nie vroeg met die trein van Brits af kom nie.
(5) Jan sal more vroeg nie met die trein van Brits af kom nie.
(6) Jan sal more vroeg met die trein nie van Brits af kom nie.
(7) Jan sal more vroeg met die trein van Brits af nie kom nie.

## Oefening 13e.

Maak o.s. sinne ontkennend op net soveel maniere as wat jy kan (b.v. Jan het gister gekom—Jan het nie gister gekom nie ; Jan het gister nie gekom nie ; Nie Jan het gister gekom nie) :—

(1) Ek kan vir Jan help.
(2) Jy sal more laat wees vir skool.
(3) Hy het my gister gesê wat ek more moet doen.
(4) Jan gaan sy pa se donkies in die veld soek.
(5) Ek wil dadelik in die tuin spit want ek verwag dat dit gou sal reent.
(6) Ek het hom tien minute gelede gewys hoe om die som te doen.

### TIEN VRAE (op Hoofstuk 13).

(N.B.—Gee voorbeelde orals waar moontlik.)

1. Wat bedoel ons met die dubbele ontkenning ?
2. Wat kan die eerste en wat moet die twede ontkenning wees ?
3. Wat is die onderskeid tussen **nimmer** en **nooit** ?
4. Watter reëls kan ons formuleer vir die gebruik van die dubbele ontkenning in die enkelvoudige sin ?
5. Hoe kom die dubbele ontkenning voor in samegestelde sinne met neweskikkende sinsverband ?

6. Tussen watter twee sinsoorte moet ons onderskei voordat ons die gebruik van die dubbele ontkenning in sinne met onderskikkende sinsverband kan vasstel ?
7. Watter drie moontlikhede kry ons in die eerste sinsoort ?
8. Watter drie moontlikhede kry ons in die twede sinsoort ?
9. Toon aan dat die betekenis van 'n sin heeltemal kan verander as ons die posiesie van die eerste ontkenning verander.
10. (a) Tussen watter sinsdele mag ons nooit 'n ontkenning plaas nie ? (Noem twee gevalle.)
    (b) Wat word : (i) **al ooit** en (ii) **òf . . . . òf** as ons hulle ontkennend maak ?

## TOETS DRIE.

(Hoofstukke 1-13.)

A. OEFENINGE.

1. Gebruik die volgende voegw. in goeie sinne en gee dan die algemene sinsontleding van jou sinne :—
   al, alhoewel, eerdat, opdat, nietemin, ingeval, hoe . . . hoe, mits, bowedien, indien.
2. Gee die algemene sinsontleding van :—
   Voordat jy kan besluit watter prosedure jy moet volg, is dit noodsaaklik dat jy net weet waar die moontlike haakplekke is sodat jy hulle kan vermy, want anders begaan jy dalk foute wat jou nie alleen belaglik maak nie maar ook veel skade kan berokken.
3. (a) Gee die **meervoud** van: eg, piano, orrelis, betoog, Fransman, hotel, wig, lig, vlaag, knie.
   (b) Gee die **vroulik** van: dief, spreker, monnik, tesaurier, sekretaris, speler, voog, leerling, akteur, reun.
4. Maak o.s. sinne ontkennend :—
   (i) Ek het daar iets moois gevind.
   (ii) Hy vra my of ek die pen wil hê.
   (iii) Daar is êrens 'n fout : as jy dit soek sal jy dit vind.
   (iv) Het jy al ooit iemand ontmoet wat, sonder om na te dink, vir jou kon sê wat die datum is ?
   (v) As hy op kantoor is, weet ons waar om hom te vind.
5. (a) Vorm 'n samegestelde sin wat sal bestaan uit twee newegeskikte sinne (teenstellend verbonde), die eerste waarvan 'n gesegdesin en 'n byv. bysin bevat, en die twede 'n byw. bysin van toegewing.
   (b) Vorm 'n samegestelde sin, bestaande uit twee newegeskikte sinne (redegewend verbonde), 'n voorwerpsin, 'n byv. bysin, 'n byw. bysin van tyd en 'n byw. bysin van graad.

6. Toon aan, deur middel van sinne, die onderskeid tussen :—

| | | | |
|---|---|---|---|
| daarom / darem | dog / tog | terwyl / dewyl | waarop / op wie |
| inteendeel / daarenteen | intussen / tussenin | 'n half-vrot peer / 'n halwe, vrot peer. | |

7. (a) Gebruik o.s. bnw. in sinne, eers attributief en dan predikatief :—
lang, breed, wreed, oud, opreg, kerngesond, lamlendig, beginselvas, wawydoop, religieus.
(b) Gee die trappe van vergelyking van :—
almagtig, woes, bitter, onaangenaam, beskaaf, graag, kwaad, ontevrede, sku, vaag.

8. Maak sinne waarin jy gebruik :—
(a) **waar** om 'n onderwerpsin in te lei.
(b) **waar** om 'n voorwerpsin in te lei.
(c) **waar** om 'n gesegdesin in te lei.
(d) **waar** om 'n byv. bysin in te lei.
(e) **waar** om 'n byw. bysin in te lei.

9. Gee die teenoorgestelde van :—
'n **eenvoudige** lewenswyse
**eenvoudig** gekleed
die **tydelike** lewe
'n **tydelike** oplossing
**teoretiese** kennis
**geveinsde** vriendskap
'n **seldsame** verskynsel
'n **kostelike** ontvangs
'n **bevestigende** antwoord
jou **geestelike** welsyn
'n **vry** volk
**vrye** toegang
'n **vrye** vertaling
'n veroordeelde **vonnis**
'n **spaarsame** vrou
'n **verblydende** berig
'n **geestige** toespraak
'n **vae** idee
'n **skewe** voorstelling
'n **neerslagtige** stemming.

10. Vul gepaste snw. aan :—
'n uitheemse —
onsimpatieke —
'n smaakvolle —
'n chaotiese —
'n noodlottige —
'n — beraam
— aanteken
'n — inwillig
'n — inneem
'n — ontduik
hartroerende —
jou onverdeelde —
'n geesdriftige —
'n verrassende —
'n wispelturige —
'n — instel
'n — aflê
— aanbring
'n — voorstel
'n — bestel.

## B. GRAMMATIKA.

(N.B.—Gee voorbeelde orals waar moontlik.)

1. Skryf 'n aantekening oor woordskikking in samegestelde sinne—
   (a) as die hoofsin eerste staan;
   (b) as die bysin eerste staan.

Watter konstruksie verkies jy? Waarom?

2. Verklaar die gebruik van **jy, u** en **gy** in Afrikaans.
3. Gee **ses** agtervoegsels wat gebruik word om te onderskei tussen manlik en vroulik.
4. Wat word bedoel met die dubbele ontkenning en hoe word dit gebruik in samegestelde sinne met onderskikkende sinsverband?
5. Wat verstaan jy onder sinsontleding en op watter twee maniere kan sinne ontleed word?
6. Verdeel (a) byw., en (b) snw. in klasse.
7. Verklaar wat die onderskeid is tussen:—
   (i) enkelvoudige en samegestelde sinne;
   (ii) hoofsinne en bysinne;
   (iii) predikatief en attributief;
   (iv) aaneenskakelende en teenstellende sinsverband;
   (v) hooftelwoorde en rangtelwoorde.
8. Watter woordorde kry ons in enkelvoudige sinne—
   (a) wat met die onderwerp begin;
   (b) wat nie met die onderwerp begin nie?
9. Watter bnw. kan gewoonlik geen trappe van vergelyking hê nie?
10. Wei uit oor die volgende bewerings:—
    (a) Rededele is alleen van belang as dele van 'n sin.
    (b) Lei die reël af van voorbeelde; moenie die reël soos 'n pagegaai leer en dan voorbeelde soek nie.

# HOOFSTUK VEERTIEN.

## DIE WERKWOORD—**VERSKILLENDE SOORTE WW.**

'n Werkwoord, soos die naam ons vertel, is die **woord** wat die **werk** noem wat in 'n sin gedoen word. As ek b.v. sê **Jan skryf,** dan noem **skryf** die handeling wat **Jan** verrig, en is dus die ww. van hierdie sinnetjie.

Behalwe 'n **handeling** (Jan skryf, loop, eet, ens.) kan 'n ww. ook 'n **toestand** uitdruk (Jan slaap, lê, ens.), of die **oorgaan van een toestand in 'n ander** (Jan sink, sterf, ens.)

Soos ons reeds in Hoofstuk 10 aangetoon het, is die ww. die vernaamste woord in 'n sin.

Ons kan onderskei tussen **drie soorte** of klasse ww. :—

A. **Selfstandige ww.,** wat sonder die hulp van ander woorde kan optree, soos **loop, kook, wys, verwys,** ens.

B. **Hulpww.,** wat ander werkwoordvorme help om die nodige vorm, tyd of wyse uit te druk ; b.v. **sal, wil, kan,** ens.

C. **Koppelww.,** wat saam met naamwoorde moet gebruik word om 'n gesegde te vorm ; b.v. **is, blyk, word,** ens.

## A. **SELFSTANDIGE WERKWOORDE.**

Selfstandige ww. kan ons in vier klasse indeel :—

(1) Oorganklike ww. (transitiewe ww.)
(2) Onoorganklike ww. (intransitiewe ww.)
(3) Onpersoonlike ww.
(4) Wederkerende ww. (refleksiewe ww.)

### 1. OORGANKLIKE WW.

By 'n oorganklike (transitiewe) ww. bly die werking nie tot die onderwerp beperk nie, maar gaan oor op die voorwerp, m.a.w. oorg. ww. word deur 'n voorwerp gevolg, b.v.

Jan **kook** kos.
Ek **doen** my huiswerk.
Die mense **bespreek** die saak.

## 2. ONOORGANKLIKE WW.

By 'n onoorganklike (intransitiewe) ww. bly die werking alleen tot die onderwerp beperk, m.a.w. onoorg. ww. word nie deur 'n voorwerp gevolg nie, b.v.

Jan **kook** (slaap, ens.).
Die waterval **bulder.**
Ek **het opgestaan.**

**Opmerking.**—Baie ww. kan oorganklik of onoorganklik gebruik word :—

| | |
|---|---|
| Jan **kook** kos. | Jan **kook.** |
| Ek **kook** die water. | Die water **kook.** |
| Ek **eet** pere. | Ek **eet** lekker. |

## 3. ONPERSOONLIKE WW.

Soos die naam aandui, kan by onpers. ww. geen spesiale persoon of oorsaak van die handeling aangetoon word nie. Die **onderwerp** is altyd **dit.** Die volgende ww. kom vaak onpersoonlik voor :—

(a) Ww. wat **natuurwerkinge** uitdruk :—
**dit hael, dit reent, dit sneeu,** ens.
Hierdie ww. word in die reël net onpersoonlik gebruik, en is onoorganklik. Heel selde kry ons hulle met 'n onderwerp (die wolke reent), en in figuurlike sin nou en dan ook oorganklik, d.w.s. met 'n voorwerp (dit reent ou meide met knopkieries, dit reent gelukwense).

(b) **In onpersoonlike uitdrukkinge**: **dit** gaan goed ; **dit** is (dis) donker, koud, warm, net, Saterdag, ens. ; **dit** lyk baie mooi, ens.

**Opm. 1.**—Party ww. kan onpersoonlik of andersins gebruik word :—

| | |
|---|---|
| dit **raas** | die water **raas** |
| dit **kraak** | die vloer **kraak.** |

As sulke ww. onpersoonlik voorkom, sê ons hulle is **toevallig—onpersoonlik.**

**Opm. 2.**—Alle ww. met **dit** as onderwerp is nie onpersoonlike ww. nie. In baie gevalle is **dit** die **voorlopige onderwerp** en volg die werklike onderwerp later in die sin, soos in :—

**Dit** is jammer **dat jy laat is.**
**Dit** spyt my **om dit te hoor.**

(Sien ook Hoofstuk 10.)

## 4. WEDERKERENDE WW.

By wederkerende (refleksiewe) ww. keer die werking tot die onderwerp self terug, m.a.w. onderwerp en voorwerp is een en dieselfde persoon of saak, soos in :—

**Ek was my** elke more.

**Hy verwonder hom** oor die man.

Ons kan wederkerende ww. verdeel in :—

(a) **Toevallig-wederkerende ww.**

By sulke ww. kan die werking (wat tot die onderwerp self terugkeer) net so goed op 'n ander persoon of saak oorgegaan het. Hulle word m.a.w. nie net refleksief gebruik nie. Dis die geval met ww. soos **was, klee, skeer,** ens., b.v.

| **Refleksief.** | **Nie refleksief nie.** |
|---|---|
| Ek was my. | Ek was Jan. |
| Hy verwyt hom. | Hy verwyt my. |
| Hulle het hulle verbeter. | Hulle verbeter die fout. |

(b) **Noodsaaklik-wederkerende ww.**

By sulke ww. kan die werking nie tot 'n ander persoon of saak oorgaan nie, maar moet tot die onderwerp beperk bly. Hulle word m.a.w. net refleksief gebruik. Dis die geval o.a. met :—

**begewe** : **Jy** moet **jou** nou daarheen begewe.
**bekommer** : **Hy** bekommer **hom** oor sy werk.
**bemoei** : **Sy** bemoei **haar** met alles.
**beroep** : **Ek** beroep **my** op die geskrewe woord.
**bevind** : **Ons** bevind **ons** in moeilikheid.
**haas** : **Jy** moet **jou** haas.
**herinner** : **U** sal **u** nog herinner waar ons gesit het.
**misgis** : **Piet** het **hom** lelik misgis deurdat hy sy vyand onderskat het.
**ontferm** : **Ons** ontferm **ons** oor jou.
**skaam** : **Ek** moet **my** altyd vir jou skaam.
**verbeel** : **Julle** verbeel **julle** dat julle te goed is om pak te kry.
**vergis** : **Hulle** vergis **hulle** as hulle dink ons taal is arm.
**verspreek** : **Gert** het **hom** verspreek toe hy voor die predikant gevloek het.
**verstout** : **Ons** het **ons** verstout om 'n wissel op u te trek.
**verwonder** : **Sannie** verwonder **haar** oor alles.

**Opmerking.**—**Self** word gewoonlik net met die voorwerp gebruik om dubbelsinnigheid te vermy. Die sin **Jan skiet hom** kan beteken hy skiet iemand anders (Koos, b.v.) of homself. As ons ondubbelsinnig wil vasstel dat laasgenoemde die geval is, sê ons : **Jan skiet homself.**

## B. **HULPWERKWOORDE.**

In analitiese tale (soos Afrikaans) verrig hulpww. dikwels die funksie wat in sintetiese tale (soos Grieks en Latyn) deur uitgange verrig is. Vgl. :—

ama-**bo** (Latyn) ek **sal** liefhê (Afrikaans).

In Afrikaans help hulpww. om tyd, wyse en vorm uit te druk, sodat ons hulle kan verdeel in :—

(1) Hulpww. van TYD : **het, is** (was), **sal** (sou).
(2) Hulpww. van WYSE : **sal, kan, wil, moet, mag, laat.**
(3) Hulpww. van VORM : **word, is.**

### (1) **Hulpww. van** <u>TYD.</u>

**Het** en **is** (was) word gebruik om met die verlede deelw. **verlede tyd** uit te druk, d.w.s. die werking het al plaasgevind :—

ek het gegaan, geloop, onthou, ens.
ek is geslaan, gekies, ens.

**Sal** (sou) word saam met die infinitief gebruik om **toekomende tyd** uit te druk, d.w.s. die werking moet nog plaasvind :—

Ek sal gaan, loop, onthou, ens.

**Opmerking.**—**Het** kom ook as selfstandige ww. voor, wanneer dit **besit** uitdruk :—

Ek **het** 'n boek, **sal** 'n boek **hê.**

Vorme van **het** as selfst. ww. :—

**Aant. wys** : ek het, ek het gehad (had), ek sal hê, sal gehad het, sou hê, sou gehad het.
**Aanv. wys** : ek sou (mag) hê, ek sou (mag) gehad het.
**Gebiedende wys** : jy (hy) moet hê.
**Onbep. wys** : hê, te hê, om te hê, (om) te gehad het.
**Deelwoorde** : hebbende, gehad.
(Sien vervoeging van **kies,** Hoofstuk 15.)

### (2) **Hulpww. van** <u>WYSE.</u>

Hulpww. van wyse, of **modale hulpww.** (sien Hoofstuk 9 vir modale bywoorde) word gebruik om uit te druk dat die werking **moontlik, waarskynlik, wenslik,** ens., is ; hulle word dikwels met byw. van modaliteit gebruik :—

**sal** : Jan **sal** stellig voor donker daar **gekom het** (dis waarskynlik).
**kan** : Die man **kan** nou enige oomblik **kom** (dis moontlik).
**wil** : Dit **wil** maar net **reent** (dis moontlik).

**moet** : Jan **moet** dit maar swaar **gehad het** (dis feitlik seker).
**mag** : **Mag** Jan tog maar in sy eksamen **slaag** (dis wenslik).
**laat** : **Laat** Jan tog met jou **gaan** (dis wenslik).

Bogenoemde hulpww. word ook gebruik om uit te druk dat die onderwerp **in staat, verplig** of **gewillig** is om die werking te verrig.

Dan het hulle nog hulp nodig ('n infinitief van ander ww.) maar omdat hulle dan nie meer modale ww. is nie, maar op 'n manier selfstandige ww., noem ons hulle **hulpbehoewende ww.,** soos in :—

Jy **sal** die som **doen** (jy is verplig).
Jy **kan** die som **doen** (jy is in staat).
Jy **wil** die som **doen** (jy is gewillig).
Jy **moet** die som **doen** (jy is verplig).
Jy **mag** die som **doen** (dit staan jou vry).

As ons hierdie sinne waarin **sal,** ens., as hulpbehoewende ww. optree, vergelyk met die sinne hierbo waarin hulle as modale hulpww. optree, sal dit ons dadelik tref dat 'n hulpbehoewende ww. 'n werklikheid (selfstandigheid) uitdruk, en 'n modale hulpww. nie. In die een geval word iets wat seker of werklik is uitgedruk, in die ander geval is die werking nie werklik nie, maar wenslik, moontlik, ens.

**Opm. 1.**—As **skyn, lyk, heet** en **blyk** nie as koppelww. voorkom nie, tree hulle ook as modale hulpww. op, d.w.s. hulle word, soos die ander hulpww., deur 'n infinitief in plaas van 'n naamwoord gevolg :—

Hy **skyn** moeg **te wees.**
Hy **lyk** moeg **te wees.**
Hy **heet** beroemd **te wees.**
Hy **blyk** verstandig **te wees.**

Sien ook par. C hieronder, opmerking 2.

**Opm. 2.**—Daar is baie selfst. ww. wat as modale hulpww. (met 'n infinitief) optree :—

| **As selfst. ww.** | **As modale hulpww.** |
|---|---|
| Dit **behoort** aan hom. | Hy **behoort** hom **te skaam.** |
| Jan **waag** baie. | Jan **waag om** dit alleen **te doen.** |
| Jan **meen** dit baie goed. | Jan **meen te weet** wat reg is. |
| Ek **probeer** hom maar eers. | Ek **probeer om** goed **te doen.** |

(3) **Hulpww. van** VORM.

As **word** en **is** help om die **lydende vorm** (passief) uit te druk, is hulle hulpww. van vorm :—

Jan **word** gestraf (onvoltooide handeling).
Jan **is** gestraf (geword) (voltooide handeling).

**Opm.—Word** en **is** kom ook as koppelww. en selfst. ww. voor (sien C onder).

## C. KOPPELWERKWOORDE.

Koppelww. is ww. soos **is, word, lyk, skyn,** ens., waarvan die oorspronklike betekenis so verswak het dat hulle alleen nie in staat is om 'n toestand of toestandverandering (d.w.s. funksies van die ww., sien begin van hierdie hoofstuk) uit te druk nie. Hulle kan dit alleen doen **met die hulp van 'n naamwoord** (snw., bnw., ens.), b.v. in die sin : **Jan is groot,** kan **is** alleen die toestand van **Jan** uitdruk met behulp van die bnw. **groot.**

(Ons sien dus dat sowel hulpww. as koppelww. hulp nodig het : **koppelw.** het die **hulp van naamwoorde** (snw., bnw., ens.) nodig, **hulpww.** van 'n **ander werkwoord** (infinitief of deelwoord).)

Die vernaamste koppelww. is :—

**is, lyk (skyn), blyk, bly, heet, word, vóórkom.**

Hulle is almal min of meer sinoniem met **is** ; in hulle betekenisse kry ons die betekenis van die grondwoord (**is** of **wees**) terug, soos blyk uit die volgende :—

**lyk** of **skyn** (na die uiterlik **wees**) : Jan lyk bleek.
**blyk** (werklik **wees**) : Dit blyk waar.
**bly** (aanhoudend **wees**) : Ek bly arm.
**heet** (in naam **wees**) : Hy heet ryk.
**word** (begin te **wees**) : Ek word ryk.
**vóórkom** (volgens iemand se mening **wees**) : Hy kom my ryk voor.

**Opm. 1.**—Die meeste koppelww. kan **as selfstandige ww.** optree, soos blyk uit die volgende sinne :—

| **As koppelww.** | **As selfstandige ww.** |
|---|---|
| Jan **is** groot. | Daar **is** (d.w.s. bestaan) maar een God. |
| Ek **bly** arm. | Ek **bly** (d.w.s. woon) in Natal. |
| Jan **skyn** verbaasd. | Die son **skyn.** |
| Hy **heet** ryk ; werklik is hy arm. | Ek **heet** (d.w.s. beveel) Jan om te gaan. |

N.B.—**Lyk** kom nooit in Afrikaans as selfst. ww. voor nie. **Ek lyk dit nie** is 'n lelike Anglisisme.

**Opm. 2.**—As **lyk, skyn, blyk, heet** en **vóórkom** in verbinding met **te wees** (infinitief) voorkom, is hulle nie koppelww. nie, maar **modale hulpww.** (sien B, par. (2), opmerking 1).

**Opm. 3.**—Baie selfst. ww. (soos staan, val, loop, ens.) word in verbinding met naamwoorde gebruik, en kry so die karakter van koppelww., soos in uitdrukkinge soos: bekend staan, lastig val, moeilik val, leeg loop, ens., ens.

**Opm. 4.**—Koppelww. kan optree in verbinding met:—

(a) **Snw.**: Ek is sy **oom.** Jan word **predikant.**
(b) **Vnw.**: Dit is **hy.** Die boek is **syne.**
(c) **Bnw.**: Ek is **oud.** Jan word **groot.** Hy lyk **bleek.**
(d) **Byw.** (as bnw. gebruik): Die deur is **toe.** Hy lyk **haastig.**
(e) **Deelwoorde** (as bnw. gebruik): Die vrou is **sterwende.** Die huis is **gemeubileerd.**
(f) **Infinitiewe**: Die huis is **te huur** (te koop).
(g) **Uitdrukkinge**: Hy is **op die voorgrond.** Bandeloosheid is **aan die orde van die dag.**

* * * *

## VERVOEGING VAN WEES.

(Selfst. ww. of koppelww.)

**Aant. wys**: ek is, is gewees (het gewees), was, was gewees, sal wees, sal gewees het, sou wees, sou gewees het.
**Aanv. wys**: ek sou (mag) wees, sou (mag) gewees het.
**Geb. wys**: wees, jy moet wees, laat hom wees.
**Onbep. wys**: wees, te wees, om te wees, (om) te gewees het.
**Deelwoorde**: synde, gewees.

### Oefening 14a.

Tien woorde (uit hierdie hoofstuk) om in sinne te gebruik:—
handeling, optree, onoorganklik, beperk, aantoon, wederkerende, voorlopige, onderskat, sintetiese, analitiese.

### Oefening 14b.

(1) Maak twee sinne met elkeen van die o.s. ww. (gebruik die ww. oorganklik in die één sin en onoorg. in die ander):—
**kook, eet, vra, skop, ruik.**

(2) Maak twee sinne met elkeen van die o.s. ww.—eers onpersoonlik (b.v. Dit **is** fraai), dan nie onpers. nie (b.v. Jan **is** groot):—
**reent, lyk, raas, donder, roer.**

## Oefening 14c.

Gebruik **lyk, skyn, blyk, heet, vóórkom** (1) as koppelw., en (2) as hulpww.

## Oefening 14d.

(i) Maak sinne waarin die o.s. ww. voorkom, (1) as selfst. ww., en (2) as hulpww. :—

**probeer, behoort, meen, waag.**

(ii) Maak sinne waarin die o.s. ww. voorkom, (1) as selfst. ww., en (2) as koppelww. :—

**is, skyn, bly, word.**

## Oefening 14e.

Vul gepaste woorde in (vnw. of voors.) :—

(1) — spyt — om — te berig dat ons voorraad uitverkoop is.
(2) Verwonder jy — — al die skoonheid ?
(3) — kan — nou absoluut nie skeel of jy — vergis het of nie.
(4) — geleentheid van sy Wellingtonse toespraak het die Minister — verspreek.
(5) As die studente — goed voorberei, sal — — nie hoef te skaam — die uitslag nie.
(6) U sal — herinner dat — op daardie dag hard gereent het.
(7) — is — hom te wyte dat ek nou siek is.
(8) — staan — vry om — te vestig waar — jou behaag.
(9) Daardie swaksinnige verbeel — hy is 'n mieliepit, gevolglik haas — hom om — die bereik van hoenders te kom.
10. — betaam — nie om — nie te bekommer — die sedelike toestand van ons bure nie.

## Oefening 14f.

Skryf neer—(1) al die onpers. ww., en
(2) al die wederkerende ww.
wat in Oefening 14e voorkom.

## TIEN VRAE (op Hoofstuk 14).

(N.B.—Gee voorbeelde orals waar moontlik.)

1. Wat is 'n ww. en wat druk dit uit ?
2. In watter drie klasse kan Afrikaanse ww. verdeel word ? Wat is die onderskeid tussen hierdie klasse ?
3. Wat is die verskil tussen oorganklike en onoorg. ww. ?
4. (a) Wat is 'n onpersoonlike ww. en watter ww. kom onpers. voor ?
   (b) Wat is 'n toevallig-onpersoonlike ww. ?
5. Wat is die onderskeid tussen 'n toevallig-wederkerende ww. en 'n noodsaaklik-wederkerende ww. ?
6. Watter twee betekenisse kan geheg word aan die sin: Jan skiet hom ?
7. Wat is 'n hulpww. en in watter drie klasse kan hulpww. verdeel word ?
8. Wat is die onderskeid tussen 'n hulpww. en 'n hulpbehoewende ww. ?
9. Wat is 'n koppelww. en in verbinding waarmee kan koppelww. gebruik word ?
10. Is ,,ek lyk dit nie'' goeie Afrikaans ? Gee jou rede.

## HOOFSTUK VYFTIEN.

## DIE WERKWOORD—**VERVOEGING.**

Soos ons in Hoofstuk 2, par. 2 gesien het, is **vervoeging** (konjugasie) die vormveranderinge wat ww. ondergaan om sekere verskille (tyd, vorm, wyse) uit te druk. (Die vormveranderinge wat naamwoorde (snw., bnw., ens.) ondergaan, heet **verbuiging**).

### MIN VORMVERANDERINGE BY DIE AFRIKAANSE WW.

Vergeleke met ou tale soos Latyn en Grieks, en selfs met party moderne tale soos Duits en Nederlands, het ons baie min vormveranderinge in Afrikaans. Dit blyk baie duidelik as ons b.v. 'n paar Duitse vorme naas die Afrikaanse plaas :—

| **Duits.** | | **Afrikaans.** |
|---|---|---|
| ich geh**e**<br>du geh**st**<br>er geh**t** | Teenw. tyd. | ek gaan<br>jy gaan<br>hy gaan |
| ich **ging**<br>wir ging**en** | Verlede tyd | ek het gegaan<br>ons het gegaan. |

Uit bogenoemde voorbeelde is dit duidelik dat, in teenstelling met die Duitse ww., die vorm van ons ww. in Afrikaans **nie verander om verskil in persoon en getal uit te druk nie.** Die vorm van die teenw. tyd (gaan) bly dieselfde, of dit enkel- of meervoud, 1e, 2e of 3e persoon is ; en net so met die vorm van die verl. tyd (het gegaan). Die vorm bly vir elke tyd onveranderd : alleen aan die snw. of vnw., wat vóór die ww. staan, kan ons sien watter persoon en getal die ww. is. Dis nie die geval met die Duitse ww. nie, soos blyk uit bogenoemde vorme.

Om **verskille in vorm, wyse en tyd** uit te druk, verander ons maar heel selde die vorm van ons ww. Hierdie verskille word gewoonlik aangedui met die hulp van **hulpwerkwoorde.**

Om b.v. **gaan** (teenw. tyd) in die toekomende tyd te verander, roep ons die hulp in van **sal** : (ek) **sal gaan.** So gebruik ons deurgaans sekere hulpww. om sekere veranderinge aan te toon : **sal** vir die toek. tyd, **het** vir die verlede tyd, **word** vir die lydende vorm. En die enigste werklike vormverandering wat ons ww. ondergaan, is dat ons na sekere hulpww. (**het, word, is, was**) die **verlede deelwoord** gebruik, wat beteken dat ons in normale gevalle 'n **ge-** voor die gewone vorm plaas, soos in :—

Ek **het gegaan.**
Jan **word** deur my **geslaan.**
Hy **is** deur my **geslaan** (geword).

## SWAK EN STERK WW.

Die verdeling in „swak" en „sterk" ww., wat die studie van die meeste tale so moeilik maak, bestaan in Afrikaans feitlik nie. ('n „Sterk" ww. vorm sy verl. tyd en verl. deelw. deur verandering van die stamklinker, soos in Nederlands, d**e**nken, d**a**cht ; 'n „swak" ww. verander nie die stamklinker nie, soos in Nederlands, w**e**rken, w**e**rkte).

Die Afrikaanse ww. is, met weinige uitsonderings, **almal swak** : die verl. tyd word in byna elke geval gevorm deur **het** + **verl. deelw.** (dus geen verandering van stamklinker nie). Vergelyk die volg. :—

| **Afrikaans.** | **Nederlands.** | **Duits.** | **Engels.** |
|---|---|---|---|
| ek **dink** | ik **denk** | ich **denke** | I **think** |
| ek **het gedink** | ik **dacht** | ich **dachte** | I **thought.** |

Die **volg. sterk vorme** word nog in Afrikaans aangetref :—

(a) **Sterk verlede tye** :—

| | | | |
|---|---|---|---|
| **dag** | (verl. tyd van : dink) | **sou** | (verl. tyd van : sal) |
| **had** | (verl. tyd van : het) | **was** | (verl. tyd van : is) |
| **kon** | (verl. tyd van : kan) | **wis** | (verl. tyd van : weet) |
| **moes** | (verl. tyd van : moet) | **wou** | (verl. tyd van : wil). |
| **mog** | (verl. tyd van : mag). | | |

In plaas van : dag, wis, kan ook gebruik word die swak vorme : het gedink, het geweet ; en i.p.v. had, het gehad.

(b) **'n Aantal sterk verlede deelwoorde** wat òf uit Nederlands oorgeëërf is, òf onder Nederlandse invloed ontstaan het, soos :—

**geswore** (van : sweer) ; **begonne** (van : begin) ; ens.

In die volg. hoofstuk word 'n lysie gegee van die vernaamstes,

Die Afrikaanse ww. word vervoeg om die volgende verskille aan te toon :—

A. **Vorm** : of die onderwerp die handeling verrig (bedrywende vorm) of ondergaan (lydende vorm).

B. **Wyse** : die manier of wyse waarop 'n mens vir jou 'n handeling kan voorstel : of dit 'n werklikheid is (aantonende wys) ; of 'n moontlikheid of waarskynlikheid (aanvoegende wys) ; of 'n noodsaaklikheid of gebod (gebiedende wys) ; ens.

C. **Tyd** : die tyd van die handeling, d.w.s. of dit al gebeur het (verlede tyd), nog aan die gang is (teenwoordige tyd), of nog moet gebeur (toekomende tyd).

**Opm.**—Die Afrikaanse ww. vertoon geen vormverandering om **persoons-** en **getalsverskil** aan te toon nie (soos ons hierbo gesien het).

## A. VORM.

Die vorm waarin 'n handeling plaasvind is tweërlei : die persoon of saak (wat die onderwerp vorm) kan **bedrywig** of **aktief** of handelend wees, d.w.s. kan die handeling self verrig, soos in die sin : **Jan slaan die hond** ; of die persoon of saak (onderwerp) kan **lydend** of **passief** wees, d.w.s. kan die handeling ondergaan, soos in : **Die hond word deur Jan geslaan.**

Ons kry dus twee vorme :—

(1) **Bedrywende vorm** (aktief).

(2) **Lydende vorm** (passief).

Gewoonlik kan alleen oorganklike (transitiewe) ww. in die lydende vorm voorkom, soos blyk uit die volgende sinne :—

| **Bedrywende vorm.** | **Lydende vorm.** |
|---|---|
| 1. Jan **slaan** die hond. | 1. Die hond **word** deur Jan **geslaan.** |
| 2. Jan **het** gister die hond **geslaan.** | 2. Die hond **is** gister deur Jan **geslaan** (geword). |
| 3. Nadat Jan die hond **geslaan het,** het hy geloop. | 3. Nadat die hond deur Jan **geslaan was,** het hy (Jan) geloop. |
| 4. Jan **sal** die hond **slaan.** | 4. Die hond **sal** deur Jan **geslaan word.** |
| 5. Jan **sou** die hond **slaan.** | 5. Die hond **sou** deur Jan **geslaan word.** |
| 6. Jan **sou** die hond **geslaan het.** | 6. Die hond **sou** deur Jan **geslaan geword het.** |

(Sien verder vervoeging van KIES op bl. 148).

Uit die sinne hierbo blyk dat ons, om die lydende vorm uit te druk, gebruik maak van die hulpww. **word**, **is** en **was**, wat altyd deur die verlede deelw. gevolg word (in die meeste gevalle **ge-** + infinitief).

Om vormverskille uit te druk, kry ons dus haas geen vormveranderinge by die ww. nie. Die **enigste verandering wat die vorm** van die ww. kan ondergaan is die toevoeging van **ge-** (by onskeidbaar samegestelde ww. val hierdie vormverandering ook weg, sien Hoofstuk 17, par. B).

Die eenvoud van die Afrikaanse ww. blyk baie duidelik as ons dit vergelyk met ander tale (soos Latyn), waar ons 'n verskillende uitgang kry vir elke tyd en elke persoon.

**Opm. 1.**—Vir die onderskeid tussen **is geslaan** en **was geslaan**, sien **TYD**, opmerking (viii), bl. 147.

**Opm. 2.**—Ons het hierbo gesien dat gewoonlik alleen oorganklike ww. in die lydende vorm kan voorkom. Ons kry egter ook gevalle waar onoorganklike (intransitiewe) ww. in die lydende vorm voorkom :—

Dit **word vermeld** (berig, gesê, ens.) dat . . . .
**Vermeld word** dat . . . . (berig word dat . . . .).
Daar **word** aan die deur **geklop.**
Hier **word** nie **gerook** nie.

In al sulke gevalle word die persoon of saak (onderwerp) nie genoem nie : ons kry 'n onderwerp (dit, hier, daar, ens.), wat altyd derde persoon enkelvoud is, sodat ons in sulke gevalle waarvan die vorm wel passief is, nie kan sê die onderwerp ondergaan die handeling nie. Daarom noem ons sulke vorme **onegte (onpersoonlike) lydende vorme.**

## B. WYSE.

Soos ons hierbo gesien het, is **wyse** die manier waarop 'n mens vir jou 'n handeling (wat die onderwerp verrig of ondergaan) voorstel. Die verskillende maniere waarop dit kan geskied is :—

(1) Aantonende wys (indikatief).
(2) Aanvoegende wys (konjunktief).
(3) Gebiedende wys (imperatief).
(4) Onbepaalde wys (infinitief).
(5) Deelwoord (participium).

## (1) DIE AANTONENDE WYS.

Die aant. wys stel 'n handeling voor as 'n **werklikheid** op een of ander tydstip, d.w.s. iets wat **werklik** gebeur het (in die verlede), wat **werklik** nou gebeur (in die hede), of waarvan ons met 'n taamlike mate van **sekerheid** kan sê dat dit sal gebeur (in die toekoms). Hierdie werklikheid kan dus verlede, teenwoordige of toekomende tyd wees, aktief of passief, soos in :—

Ek **doen** my werk, **het** my werk **gedoen, sal** my werk **doen** ; die werk **word (is) gedoen,** ens.

## (2) DIE AANVOEGENDE WYS.

In teenstelling met die aant. wys, stel die aanv. wys die handeling nie as 'n werklikheid voor nie, maar as 'n **onsekerheid,** d.w.s. iets wat **moontlik, onmoontlik, waarskynlik, wenslik,** ens., is (maar nie werklik nie), in die hede, verlede of toekoms, aktief of passief, soos blyk uit die volgende :—

(a) Die handeling **as 'n moontlikheid** :—

Hy mag sy werk doen.
Dalk (straks, miskien) het hy sy werk gedoen.

(b) **As 'n onmoontlikheid** :—

Kon hy maar sy werk doen !
Was ons maar almal eerlik !

(c) **As 'n waarskynlikheid** :—

Hy moet nou al sy werk gedoen hê.
Hy sal seker (wellig, vermoedelik, wel) nog sy werk doen.

(d) **As 'n wens** :—

Het hy maar sy werk gedoen !
Mag dit jou welgaan !
Had ek maar die geld !
As hy maar sy werk wou doen !
Leef lekker !
God bewaar jou van alle gevare !
Was hy tog maar hier !
U naam worde geheilig !
Die Heer se genade sy met u !
Sy seën rus op u ! (mog dit op u rus.)

(e) **As 'n veronderstelling of voorwaarde** :—

As hy sy werk gedoen het, sou hy geslaag het.
Jy mag nou gaan, mits jy netnou jou werk doen.
Was dit nie dat hy sy werk gedoen het nie, sou hy nie geslaag het nie.
Al doen jy jou werk, jy sal druip.

**Opmerking 1.**—Met die uitsondering van Bybelse uitdrukkinge, soos : U naam **worde** geheilig ! (sien bo), is daar **geen onderskeid in vorm** tussen die aant. en aanv. wys nie. Daar is egter 'n **groot onderskeid in betekenis,** soos uit die voorbeelde hierbo blyk. Dié onderskeid is vir die grootste deel die gevolg van :—

(1) **Verskil in woordorde** ; vergelyk :—
**Was ons** maar almal eerlik ! (aanv. wys).
**Ons was** almal eerlik (aant. wys).

(2) Die feit dat ons met die aanv. wys dikwels modale bywoorde, soos
**miskien, dalk, stellig, vermoedelik, straks, maar, tog,** ens., aantref, soos in die sinne hierbo.

**Opmerking 2.**—Die totale afwesigheid van besondere vorme vir die verskillende wyse blyk baie duidelik as ons Afrikaans vergelyk met b.v. Latyn, waar feitlik elke wyse (en elke persoon en getal) 'n verskillende vorm vertoon.

* * * *

## (3) DIE GEBIEDENDE WYS.

Die gebiedende wys stel 'n handeling voor as 'n **bevel, verlange, bede** of **versoek** :—

Doen jou werk !
Sal jy jou werk doen !
Jy moet dadelik jou werk doen !
Moenie jou werk so doen nie !
Laat hom nou sy werk doen !
Vergewe ons ons sonde !

**Opm.**—Hier weer sien ons dat die gewone werkwoordvorm gebruik word, net op 'n ander manier (en met 'n ander betekenis) as by die aant. en aanv. wys. Vergelyk dit weer met Latyn met sy spesiale gebiedende-wys-vorme.

## (4) DIE ONBEPAALDE WYS.

Soos die naam aandui, stel die onbepaalde wys (infinitief) niks bepaalds voor nie (geen werklikheid, onsekerheid, bevel, ens., nie), maar **noem eenvoudig die handeling.** In so ver hel die infinitief dus baie sterk oor na snw., wat weer 'n bewys is dat die rededele baie nou verwant is aan mekaar, en dikwels inmekaar vleg.

Die onbepaalde wys vertoon dus die karakter van werkwoord sowel as naamwoord (snw.), d.w.s. dit is, net soos deelwoorde (sien volgende hoofstuk), 'n tussending of skakel tussen naamwoord en ww. Daarom maak ons 'n onderskeid tussen die **naamwoordelike funksie** (dit doen die werk van 'n naamwoord) en die **werkwoordelike funksie** (dit doen die werk van 'n ww.) van die onbep. wys. Hoe die onbep. wys kan voorkom in die betekenis van naamwoord sowel as dié van ww., blyk uit die uiteensetting wat hieronder volg.

### Naamw. funksie van infinitief.

Die infinitief in die betekenis van 'n naamwoord kom voor as :—

(a) **Onderwerp** : **Kritiseer** is baie maklik.
**Om te kritiseer** is maklik.

(b) **Voorwerp** : Hy leer **lees** (om te lees).
Hy meen **te weet.**

(c) **Byv. bepaling** : Die **te betale** som is £50.
Dis 'n mooi gedig **om te resiteer.**
Daar is 'n kans **om te wen.**

(d) **Byw. bepaling** : Ek eet **om te lewe** (doel).
Ek lewe **deur te eet** (oorsaak of middel).

(e) **Naamw. deel van gesegde** : Ons was **aan gesels** (vgl. Ons was stout).
Jou plig is **om te werk.**

### Werkw. funksie van infinitief.

Die infinitief in sy werkwoordelike betekenis kom voor :—

Na hulpww. van tyd en modale hulpww. :—

Dit is **om te huil.**
Hy kan (mag, ens.) **gaan.**

**Opmerking.**—As 'n verl. deelw. deur 'n inf. gevolg word verander die verl. deelw. dikwels self in 'n inf., soos in :—

Ons het **gaan slaap** (i.p.v. het gegaan slaap).
Ek het hom **sien gaan** (i.p.v. het gesien gaan).
Het u die klok **hoor lui** ?

## INFINITIEF met en sonder TE, OM TE.

Uit die voorbeelde hierbo blyk dat ons die infinitief in Afrikaans aantref :—

(i) Met **om te** (Om te slaap is gesond).
(ii) Alleen (Hy kan **gaan**).
(iii) Met **te** (Hy behoort te weet).

Die volgende algemene reëls kan in hierdie verband van waarde wees :—

(i) Die **infinitief met** OM TE is die algemeenste vorm wat ons in verreweg die meeste gevalle aantref, o.a. as onderwerp, voorwerp, in byv. en byw. bepalinge, na bnw., na woorde soos **sonder, hoe, wat,** ens., b.v.

**Om te werk** is aangenaam (onderwerp).
Hy leer **om te werk** (voorwerp).
Dis 'n mooi gedig **om te resiteer** (byv. bep.).
Ek eet **om te lewe** (byw. bep. van doel).
Dis maklik **om te sê** (na bnw.).
Hy werk sonder **om te dink** (na **sonder**).
Hy weet hoe **om te werk** (na **hoe**).
Hy weet wat **om te doen** (na **wat**).

(ii) **Die inf. alleen** (d.w.s. sonder **te** of **om te**) kom baie seldsamer voor as die inf. met **om te.** Ons kry die inf. alleen o.a. na hulpww., na 'n voors., as onderwerp, ens., b.v.

Hy kan (sal, wil, moet, mag, durf) more **kom** (na hulpww.).
Hou op met **werk** (na voors. **met**).
**Werk** is aangenaam (onderwerp).

(iii) **Die inf. met** TE is die seldsaamste van die drie vorme van die inf. ; ons kry dit o.a. na sekere ww. (hoef, behoort, is, skyn, begin, meen, ens.) ; na **deur,** ens., b.v.

Jy **hoef** nie **te kom** nie.
Hy **behoort** dit altans **te weet.**
Die huis **is** nie **te koop** nie.
Hy **skyn** dit **te weet.**
Hy **meen te weet** wat reg is.
Dit **begin(t) te reent** (ook : dit begin reent).
**Deur te werk** sal jy slaag.

## VERBOË VORME VAN INFINITIEF.

Hoewel ons in die meeste gevalle die inf. in die onverboë vorm (die vorm van die teenw. tyd) aantref, kry ons in Afrikaans tog verboë vorme van die inf., o.a.

(a) **Inf. met** -E, oorblyfsels uit Nederlands :—

Die oorwinning is aan die bekwame generaal **te danke.**
Dis aan jou **te wyte** dat ek in die eksamen gedruip het.
My gesondheid laat veel **te wense** oor.
Dis **te hope** dat jy jou plig sal nakom.
Hy gaan **te kere** soos 'n rasende.
Hy het my soveel **te kenne** gegee.
Ek was jou vroeër **te wagte.**
Die man was nêrens **te vinde** nie.
Ek sal kwaad met goed **vergelde.**
Daardie meisie is nog **te bekome.**
Al sy doen en **late** is vir my duister.
Sy het skielik droewig aan **huile** gegaan.
Sy het skielik aan **lagge** (lagte) gegaan.

(b) In enkele **staande uitdrukkinge** vind ons nog ou verboë vorme van die inf. terug—almal bewyse dat die inf. nog baie na aan snw. staan, want vroeër kon die inf. as werkwoordelike snw. verbuig word, soos blyk uit uitdrukkinge soos: tot **vervelens** toe, tot **walgens** toe, tot **barstens** toe, jy moet net in jou **pasoppens** tree.

## (5) DEELWOORD.

Die deelwoord, die vyfde manier of wyse waarop 'n mens jou 'n werking kan voorstel, word volledig in die volgende hoofstuk behandel.

* * * *

## C. **TYD.**

Naas vormverskil en wyseverskil, kan die ww. ook vervoeg word om tydsverskil aan te dui, d.w.s. die tyd wanneer die werking geskied, geskied het of sal geskied. Ons kan dus 'n handeling kry :—

(a) Wat in die hede gebeur **(teenw. tyd).**
(b) Wat in die verlede gebeur het **(verlede tyd).**
(c) Wat in die toekoms sal gebeur **(toekomende tyd).**
(d) Wat toekomstig is in die verlede **(verlede toek. tyd).**

Ons kan verder in al hierdie tye vir ons 'n werking voorstel as al afgeloop **(voltooid)** of nog aan die gang **(onvoltooid),** sodat ons altesame die volgende agt tye van die ww. kan kry :—

(a)
1. **Onvoltooid teenwoordige tyd** : ek kies, is aan kies, is aan 't kies, is besig om te kies.
2. **Voltooid teenw. tyd** : ek het nou net (so ewe, so pas) gekies.

(b)
3. **Onvolt. verlede tyd** : toe ek kies (gekies het, aan kies was, aan 't kies was, besig was om te kies), het hy daar gekom.
4. **Volt. verl. tyd** : toe ek al (reeds, alreeds) gekies het (klaar was met kies), het hy daar gekom.

(c)
5. **Onvolt. toekomende tyd** : ek sal kies (kies netnou, more, ens.).
6. **Volt. toek. tyd** : ek sal gekies het.

(d)
7. **Onvolt. verl. toek. tyd** : ek sou kies.
8. **Volt. verl. toek. tyd** : ek sou gekies het.

Uit die name van die agt verskillende tye (met die voorbeelde) is dit heeltemal duidelik watter tyd elkeen voorstel. So stel die onvolt. teenw. tyd 'n werking voor wat nog aan die gang is, maar onvoltooid ; die volt. teenw. tyd : 'n werking wat nou net afgehandel is ; ens.

## OPMERKINGE BY DIE TYE.

(i) Uit die voorbeelde hierbo blyk dat die **werkwoordvorm feitlik onveranderd bly** : die enigste ander vorm wat ons naas **kies** kry, is **gekies,** die vorm van die verl. deelwoord.

Teneinde die verskillende tye te kan uitdruk, verander ons nie (soos in Latyn) die werkwoordvorm nie, maar maak gebruik van ander middele, hoofsaaklik **hulpww.** (**sal** vir toek. tyd ; **sou** vir verl. toek. tyd ; **het** vir volt. teenw. tyd en die verl. tye), en **vormwoordjies,** d.w.s. klein woordjies (meestal byw. van tyd) soos **toe, al, netnou,** ens. (sien opmerking (ii) ).

(ii) **Die rol wat vormwoorde** in die vervoeging van die Afrikaanse ww. speel mag nie onderskat word nie. Selfs vandag word die aanmerking gehoor dat Afrikaans, insonderheid die ww., arm is omdat dit nie die weelde van uitgange van tale soos Latyn het nie. Dat Afrikaans **arm is aan uitgange** is 'n feit wat niemand sal wil betwis nie ; en as taalarmoede (of rykdom) geoordeel moet word volgens die aantal uitgange

wat die taal vertoon, dan sou Afrikaans bitter arm gewees het. Daar is egter **net één toets** waarmee ons die rykdom van 'n taal vasstel, en dit is **in hoe ver is so 'n taal 'n doeltreffende middel om gedagtes in uit te druk**—'n toets wat Afrikaans goed deurstaan. Dit kan dieselfde betekenisverskille uitdruk wat die meeste ander tale kan uitdruk. Die **middele** wat hiertoe aangewend word—of hulle massas buigingsuitgange is (soos in Latyn) of hulpww. en vormwoorde (soos in Afrikaans)—maak ten slotte nie saak nie.

(iii) **Die vernaamste vormwoordjies** met behulp waarvan ons tydsverskille in Afrikaans aandui, is :—

**nou** vir die **teenw. tyd.**
**nou net, so ewe, so pas** vir die **volt. teenw. tyd.**
**toe** vir die **onvolt. verl. tyd.**
**al, reeds, alreeds** vir die **volt. verl. tyd.**
**dan, netnou** vir die toek. tyd.

(Vir voorbeelde sien die sinne op bl. 144.)

Die vormwoordjies is dus meestal byw. van tyd wat, omdat hulle altyd met dieselfde tyd voorkom, langsamerhand 'n besondere sintaktiese betekenis verkry het. Hulle blote teenwoordigheid is dikwels genoeg om die werkwoordtyd te verander. Neem 'n sin soos :—

**Toe** ek daar **kom,** was hy alreeds weg.

Hier is **kom** eintlik die **vorm van die teenw. tyd,** maar omdat **toe** (die teken van die onvolt. verl. tyd) die sin inlei, is die sin :—

Toe ek daar kom,

in die onvolt. verlede tyd ; m.a.w.

**toe + teenw. tyd = onvolt. verl. tyd.**

So is : dan (netnou, more, ens.) + teenw. tyd = toekomende tyd ; ens.

'n Verdere voorbeeld van die vername rol wat vormwoorde in Afrikaans speel, vind ons in die volgende :—

Ons tref **dieselfde vorm** aan : **het gekies** (het + verl. deelw.) **vir drie verskillende tye** :—

Ek **het** nou net **gekies** (volt. teenw. tyd).
Toe hy **gekies het,** was ek daar by (onvolt. verl. tyd).
Toe ek daar kom, **het** hy alreeds **gekies** (volt. verl. tyd).

Dikwels kan ons alleen aan die bygaande vormwoordjies sien met watter tyd ons te doen het.

(iv) **Tyd blyk uit die verband.**

Dikwels is die teenwoordigheid van vormwoorde egter nie noodsaaklik om die tyd van die ww. aan te dui nie, maar blyk dit duidelik uit die verband. Neem 'n sin soos :—

Nadat ek **gekies het, het** hy **gekies.**

Hier het ons dieselfde vorm (het gekies) vir voltooid en onvolt. verl. tyd, maar uit die samehang is dit heeltemal duidelik watter handeling voorafgaan (d.w.s. volt. verl. tyd is), en watter een volg (d.w.s. onvolt. verl. tyd is).

(v) **Die historiese teenw. tyd** is 'n baie algemene verskynsel in Afrikaans, veral in verhale. Iets wat in die verlede gebeur het, word beskrywe asof dit nou werklik gebeur, m.a.w. die **vorm** is dié van die teenw. tyd, maar die **betekenis** dié van die verl. tyd, soos in die volgende paragraaf waarin Jan vertel wat hy gister gedoen het :—

Ek neem toe my boeksak, **pak** my boeke **in, groet** vir Moeder, en **stap** skool-toe. Toe ek daar kom, **sien** ek dat die klok alreeds gelui het en dat ek dus laat was.

Die hist. teenw. tyd dra baie daartoe by om die realisme van 'n verhaal te verhoog.

(vi) **'n Onvoltooide, voortdurende handeling** word in Afrikaans as volg uitgedruk :—

ek is aan skryf<br>
ek is aan 't skryf<br>
ek is aan die skryf<br>
ek is besig om te skryf } teenw. tyd.

Dieselfde vorme word vir die verl. tyd gebruik behalwe dat ons **was** (i.p.v. is) gebruik.

(vii) **Die gebruik van** HAD vir die volt. verl. tyd in sinne soos : Toe ek hom sien, **had** hy gekom, ens., is on-Afrikaans en moet vermy word. Alleen by skrywers, wat sterk onder Nederlandse invloed staan, tref ons nog sulke vorme aan.

Die gebruik van **had** is in Afrikaans beperk tot die **aanvoegende wys,** om 'n handeling voor te stel as 'n **voorwaarde** of **'n wens,** soos in :—

**Had** ek maar £1,000 ! ('n wens).

As jy geluister **had,** sou jy nou geweet het ('n voorwaarde).

(viii) **Is gekies, was gekies.**

Albei is passief (lydende vorm), met hierdie onderskeid dat **is gekies** die passief is van die **onvolt. verl.** tyd, en **was gekies** dié van die **volt. verl.** tyd, soos duidelik blyk in die volg. sin :—

Nadat hy as voorsitter **gekies was** (volt. verl. tyd), **is** Jan as sekretaris **gekies** (onvolt. verl. tyd).

**Is gekies geword** kom ook voor ; **geword** word egter gewoonlik weggelaat.

(ix) **Wisselvorme,** d.w.s. twee vorme wat naas mekaar voorkom en eners gebruik word, tref ons nogal dikwels aan by die ww. Veral ww. op **f** en **g** vertoon 'n wisselvorm op **e,** b.v.

beloof—belowe, skryf—skrywe, dryf—drywe, vryf—vrywe, leef—lewe, laaf—lawe, sterf—sterwe, bederf—bederwe, ens.

sorg—sorge—sôre, terg—terge—têre, bedrieg—bedrieë, buig—buie, ploeg—ploeë, saag—sae, ens.

'n Klompie ww. op **n** vertoon ook wisselvorme op **t** : gaan—gaat, slaan—slaat, sieṇ—siet, doen—doet, ens.

Waar twee of meer vorme so naas mekaar voortbestaan, kan enigeen in enige tyd voorkom : ek beloof of belowe, sal beloof of belowe, het beloof of belowe, ens. ; omdat die **e**-vorme foneties sagter is, word aan hulle in poësie dikwels die voorkeur gegee.

## VERVOEGING VAN DIE WERKWOORD **KIES.**

| | **Bedrywende Vorm.** | **Lydende Vorm.** |
|---|---|---|
| | AANTONENDE WYS. | |
| Onvoltooid teenwoordige tyd | ek kies | ek word gekies |
| Voltooid teenwoordige tyd | ek het gekies | ek is gekies (geword) |
| Onvoltooid verlede tyd | ek het gekies | ek is gekies (geword) |
| Voltooid verlede tyd | ek het gekies | ek was gekies |
| Onvoltooid toekomende tyd | ek sal kies | ek sal gekies word |
| Voltooid toekomende tyd | ek sal gekies het | ek sal gekies geword het |
| Onvoltooid verlede toekomende tyd | ek sou kies | ek sou gekies word |
| Voltooid verlede toekomende tyd | ek sou gekies het | ek sou gekies geword het |
| | GEBIEDENDE WYS. | |
| 2e Persoon | kies, jy moet kies | word gekies, jy moet gekies word |
| 3e Persoon | laat hom kies, hy moet kies | hy moet gekies word |
| | AANVOEGENDE WYS. | |
| Teenw. tyd | ek sou (mag) kies | ek sou (mag) gekies word |
| Verlede tyd | ek sou (mag) gekies het | ek sou (mag) gekies geword het |
| | ONBEPAALDE WYS. | |
| Teenwoordige tyd | kies, te kies, om te kies | (om) gekies te word |
| Verlede tyd | (om) te gekies het | (om) gekies te geword het |
| | DEELWOORDE. | |
| Onvoltooid | kiesende | —— |
| Voltooid | —— | gekies |

**Opmerking.—Die aanvoegende wys kan nog op baie ander maniere as dié hierbo genoem uitgedruk word: Miskien sal hy kom. Dalk kom hy nog. Was ons almal eerlik! Dit gaan jou goed! ensovoorts. Sien B (2) bo.**

## Oefening 15a.

Tien woorde (uit hierdie hoofstuk) om in sinne te gebruik :— verbuiging, vervoeging, vormveranderinge, deurgaans, werklikheid, noodsaaklikheid, bedrywig, bedrywend, veronderstelling, uiteensetting.

## Oefening 15b.

Skryf die volgende sinne oor in die lydende vorm :—

1. Dié middele bevorder nie die gesondheid nie.
2. Aardbewings het Japan al vir etlike eeue geteister.
3. Ek sal aansoek doen om die vakante betrekking.
4. Ek bedank u hartlik vir al u vriendelikheid jeens my.
5. Namens die vergadering sal u die spreker moet gelukwens.
6. Waarom het u u werkgewer kennis gegee ?
7. Jy moet by dié geleentheid die volkslied speel, want dit doen die mense altyd.
8. Hy het die moeilikheid, wat so 'n handelwyse meebring, nie besef nie.
9. Die doel heilig nie altyd die middele nie.
10. U sal my weens my swak gesondheid na 'n takbesigheid moet verplaas.
11. Pas die kinders goed op.
12. Hoe meer ek hom sien, hoe meer bewonder ek hom.

## Oefening 15c.

Vul in : **te, om te** of niks :—

1. Hy het nie geweet wat — doen nie.
2. Jy behoort jou — skaam.
3. Die kind is bang — te gaan, want hy weet nie hoe — te handel nie.
4. Jan hoef nie meer — kom nie.
5. Hy het besluit — bly.
6. Ek kan hierdie sin nie — doen nie.
7. Hy blyk dit — geweet het.
8. Ek sal bly — sien dat alles goed gaan.
9. Hy skyn dit — geweet het, nogtans wou hy dit nie — doen nie.
10. Dit het vroeg begint — reent.

## Oefening 15d.

Maak goeie volsinne met :—
te dank, te danke ; te hoop, te hope ; te wens, te wense ; te ken, te kenne ; te wag, te wagte ; te keer, te kere.

## Oefening 15e.

Vul in die regte vorm van die ww. in hakies :—

1. Hy het (sê) hy sou more daar (is).
2. Hy het hoofpyn (het), en het dus dadelik (gaan) slaap.
3. (Insluit) geliewe 'n tjek, groot £5, (vind), (is) rente op £100.
4. Sedert hy as voorsitter (aanstel) is, het die vereniging met rasse spronge (vooruitgaan).
5. As ons (bid), betaam dit ons om te sê : „U wil (geskied) ! "
6. Dit mag so (is), maar vir my lyk dit of hy nie die klok (hoor) lui het nie.
7. Nadat hy deur die man geslaan (is), het hy (loop).
8. Ek sou (kies) geword het as ek teenwoordig kon (is) het.
9. Jan sal tweehonderd pond (het) as sy plaas kan (verkoop) word.
10. Ek het u brief (dateer) 6 des. (ontvang).

## Oefening 15f.

Skryf die volgende sinne van jou voltooide oefening 15e as volg oor :—

1, 2, 10 in die teenw. en toek. tyd.
5, 6 in die toek. en verl. tyd.
9 in die teenw. en verl. tyd.

Skryf ook die volgende sinne oor : (a) in die verl. tyd, (b) in die toek. tyd :—

(i) Ek het 'n versoek en wil dit aan u rig.
(ii) Hy moet hom haas.
(iii) Jan is jaloers op Piet.
(iv) Dit mag u wel verwonder om te sien dat dit my nie geluk nie.

## Oefening 15g.

Sê met watter tyd en wyse ons in die volgende sinne te doen het (b.v. Ek gaan huis-toe—**gaan** : onvolt. teenw. tyd, aantonende wys) :—

1. Toe ek daar kom, was hy alreeds daar.
2. Jan kom more ; oormore sou dit te laat gewees het.

3. Nadat hy geslaan was, is ek geslaan.
4. Ek is besig om te skryf en het nou net gekom.
5. Hy sê hy sal more kom.
6. Hy sê hy sóu more kom, maar is verhinder.
7. Sin 6 van oefening 15e.
8, 9, 10. Sinne 8, 9, 10 van oefening 15e.

## Oefening 15h.

Skryf neer (a) die twede persoon meervoud, toek. tyd, aantonende wys, en (b) die derde pers. enkelv., gebiedende wys van :—

**kies, loop, veins, hê, is.**

## VYFTIEN VRAE (op Hoofstuk 15).

(N.B.—Gee voorbeelde orals waar moontlik.)

1. Wat is die onderskeid tussen vervoeging en verbuiging ?
2. Het ons baie vormveranderinge in die Afrikaanse ww. ?
3. Wat verstaan jy onder „swak" en „sterk" ww. ? Is daar sterk ww. in Afrikaans ?
4. Wat is die onderskeid tussen bedrywende en lydende vorm en hoe word laasgenoemde uitgedruk ?
5. Wat is onegte lydende vorme ?
6. Op watter vyf wyse of maniere kan 'n mens jou 'n handeling voorstel ?
7. Wat is die onderskeid tussen hierdie vyf wyse ?
8. Toon aan dat die infinitief 'n tweeledige funksie verrig.
9. Wanneer kry ons die infinitief—
   (a) met **om te,** (b) alleen, (c) met **te** ?
10. Watter verboë vorme van die inf. tref ons nog in Afrikaans aan ?
11. Watter agt tye kan ons in Afrikaans uitdruk, en wat is die onderskeid tussen hulle ?
12. Wat is vormwoorde en watter diens verrig hulle in Afrikaans ?
13. Is Afrikaans 'n „arm" taal ?
14. Wat is die historiese teenw. tyd en hoe word dit gebruik ?
15. Hoe word 'n voortdurende handeling in Afrikaans uitgedruk ?